

## Gereformeerde Kerk Bellville – 4 Februarie 2018 – Oggend

**Sing vooraf staande:** Skrifberyming 11-3:6, 7 (Sb 16)

- 6 Salig die wat rein van hart is / en die oog omhoog bly hou;  
as die newels weggetrek het, / sal hul klaar hul God aanskou.
- 7 Salig is die vredemakers / in 'n wêreld oud van twis;  
"seuns van God" sal hul genoem word / as 't weer vrede<sup>o</sup>op aarde is.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

**Amen.**

Loflied: Psalm 145:1, 2, 3 (p. 696)

- 1 U Naam, o HEER, so hoog in heerlijkheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd;  
u Koningseer wat alle krone<sup>o</sup>oorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.
- 2 Die HEER is groot, daar is geen sanggeluid / wat ooit sy lof in volle waarde uit!  
Dit is 'n see waar niemand in kan meet, / dit is 'n vloed waar ons geen grond van weet.
- 3 Omdat, o God, in dié geheimenis / vir ons vernuf geen grond of einde is,  
daarom prys ons u wêrk, u dáád van krag, / van kind tot kind, tot in die nageslag.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Skrifberyming 3-2:4, 5, 6

- 4 Christus het waarlik opgestaan / as Eerste uit die dood.  
In die heelal sal Hy dus wees / die Eerste – Hoof en Heer.
- 5 God met sy volheid woon in Hom, / só het God self besluit.  
Daarom kon Hy versoening bring – / Gods vrede weer herstel.
- 6 Christus moes sterwe aan 'n kruis; / Hy moes sy bloed laat vloei.  
Hemel en aarde, die heelal, / is só met God versoen.

Gebed

Psalm 34:6, 7 (p. 167)

- 6 Kom kinders, hoor na my! / Die HEER se vrees wil ek jul leer.  
Wie is 't wat lewensduur begeer / en dae wat hom verbly?  
Laat tong en lippe vra / na waarheid, en ontwyk die kwaad;  
soek wat God wil: die regte daad, / en jaag die vrede na.
- 7 God wend sy aangesig / teen hul wat sy bevel weerstaan,  
Hy laat hul naam met hul vergaan / deur hoogste strafgerig;  
maar Hy sien gunstig neer / op die regverdige geslag;  
Hy neig sy ore tot hul klag / en red hul altyd weer.

**Skriflesing:** Matteus 5:1-12; Kolossense 1:15-23

**Kernverse:** Matteus 5:9; Kolossense 1:19-20

**Salig is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word.**  
(Matteus 5:9 AFR53)

**Want dit het die Vader behaag dat in Hom die ganse volheid sou woon en dat Hy deur Hom alles met Homself sou versoen nadat Hy vrede gemaak het deur die bloed van sy kruis – ek sê deur Hom – die dinge op die aarde sowel as die dinge in die hemele.** (Kolossense 1:19-20 AFR53)

**Tema:** Vrede is nie sonder koste nie

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, die kerk van die Here kan nie anders wees of anders leef as wat die Here wil hê nie. Net so kan en mag die gelowiges ook nie anders wees of leef as wat die Here wil hê hulle moet wees of leef nie. Gelowiges moet praat en dink en doen soos mense wat aan die Here Jesus behoort. En dan moet hulle in alle opsigte en ten alle tye lewe soos mense wat aan die Here Jesus behoort. Ons kan nie ons lewe in afgeslote hokkies verdeel en net in party van hierdie hokkies lewe soos mense wat aan Jesus Christus behoort nie. Indien ons wel die Here net in sekere dele van ons lewe as Koning erken, beteken dit dat ons Jesus in die ander dele van ons lewe van sy troon afstamp om dan self op die troon te gaan sit en self konings van ons lewe te wees.

As daar nou een deel van ons lewe is waarin ons almal byna altyd self koning wil wees, dan is dit by die dele in ons lewe waar ons vrede moet maak. Elke mens wil sy eie voorwaardes stel om vrede te maak. En niemand is bereid om die minste te wees nie. Dit is mos altyd die ander persoon wat eerste moet toegee, altyd eerste vrede maak, altyd eerste buig, voordat ek sal toegee, vrede maak en buig. So lank die ander persoon nie eerste kom nie, kan die haat en woede maar voortduur, want dit is mos nie ek wat die fout gemaak het nie.

Tog wil alle mense ten alle tye vrede en rus beleef. Almal wil hê dit moet goed gaan. Almal wil gemaklik en veilig wees. Daarom meen ons mense dat ons eers goed kan doen en goed kan wees, as dit goed gaan met ons, as ons gemaklik, veilig en welvarend is. Maar dit is juis die teenoorgestelde van wat die Here ons in die Bybel leer. Dit gaan goed met 'n mens wat goeddoen. Dit gaan goed met die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word. Die mens wat vrede maak, dit wil sê, die mens wat goeddoen, met so 'n mens sal dit goed gaan, hy sal as 'n kind van God bekend wees.

Nou weet ons ook, broers, susters en kinders, dat 'n mens nie uit sy eie uit goed kan doen nie. Ons is nie van nature geneig om goed te doen nie. Eers wanneer ons goed gemaak is, sal ons goed kan doen. Eers wanneer die Heilige Gees ons geleer het om nuut te dink, doen en praat, sal ons in staat wees om goed te kan doen. Eers wanneer die Heilige Gees aan ons die nuwe lewe in Christus geskenk het en ons in hierdie nuwe lewe begelei het, sal ons die vrede kan maak waarvan Jesus in die Bergpredikasje praat. Eers wanneer ons deel het aan die vrede wat God gemaak het, sal ons self vrede kan maak.

Op hierdie punt moet ons dan eers vir mekaar sê wat die Here Jesus met vrede bedoel, as Hy sê: **Salig is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word.** En om agter te kom wat die Here met vrede bedoel, gaan ons luister wat die Heilige Gees ons in Kolossense 1 leer.

Die Heilige Gees leer ons dat vrede met versoening gepaard gaan en versoening vind nie plaas sonder dat daar 'n offer gebring word nie. Die hele mensdom staan sedert die sondeval as vyande teenoor God. En as gevolg van die mense se vyandskap teenoor God is die hele skepping aan verganklikheid onderworpe. Die mense het uit eie keuse vyande van God geword toe hulle besluit het om eerder na die duiwel as na God te luister. Die heilige en volmaakte verhouding tussen God en sy mense is deur die mense aan flarde geruk en stukkend geskeur. Met God wou die mens niks te doen hê nie. Inteendeel, Adam en sy vrou was bang vir die Here, want hulle het geweet dat hulle deur hulle sonde vyande van God geword het.

Soos ons eerste voorouers was, so is elke mens, ook ons, wat uit hulle gebore is. Ons word in sonde ontvang en gebore. As sondaars, as vyande van God word ons gebore, want uit onself is ons nie in staat om goed te doen nie. Van nature is ons geneig tot alles wat verkeerd en gruwelik is in die oë van die Here. Van liefde wil ons niks weet behalwe om onself ten koste van ander mense lief te hê. Van vrede wil ons niks weet nie, tensy vrede beteken dat ons vyand van die aangesig van die aarde af weggevee kan word.

Luister nou na hierdie verrassing van ons God, geliefdes. In hierdie God-vyandige wêreld en tussen hierdie God-vyandige mense kom maak die Seun van God, Christus Jesus ons Here, Hom tuis. Hy wat God is, Hy wat die Meeste is, word die Minste, Hy word 'n mens gelyk aan my en jou. Hy wat gedien moet word, kom na ons om ons Bediende te word. Hy, die Allerhoogste Here, daal af na ons wat hier onder op die aarde is om die stukkend geskeurde verhouding tussen God en die mense te kom herstel. Christus het die vrede weer tussen God en mense kom herstel deur die prys vir die vrede ten volle te betaal. Deur die bloed van sy Seun aan die kruis het God die vrede tussen Hom en ons en die hele skepping herstel. God het die hele skepping met Homself versoen deur die skuld en sonde wat die skeiding veroorsaak het, weg te neem met die bloed van Jesus Christus.

God het nie gewag dat die mens met Hom vrede moes gaan maak nie. God het nie gewag dat mense eerste voor Hom buig en erken dat hulle verkeerd gedoen het nie. Dit is Hy wat geen skuld het nie, dit is Hy wat die sonde haat wat eerste gebuig het. Hy het eerste toegegee om die vrede te herstel sodat mense wat vyande is weer vriende en huisgenote van Hom kan word. Christus, die ewige Vredevoers het vir ons sondeskuld kom sterf om ons heilig, sonder smet en onberispelik voor sy Vader te stel. Deur Christus se versoeningswerk alleen word mense kinders van God.

Geliefdes, uit die versoeningswerk van Jesus Christus kom ons agter van watter soort vrede die Here in ons kernverse praat. Dit is nie die vrede waaraan ons in die wêreld gewoond is nie. Die vrede waarna die wêreld soek, is wanneer Noord-Korea ophou om missiele af te vuur. Wêreldse vrede is wanneer die oorloë in Afrika tot 'n einde gekom het. Maar dit is nie werklike vrede nie. Dit is slegs 'n wapenstilstand. Indien 'n oorlog tot 'n einde gekom het, is dit nie omdat die een toegegee het nie, maar omdat die ander een hom oorweldig het. En na die oorlog is die woede en haat nog nie weggeneem nie. Dit is alleenlik vir 'n tyd lank geneutraliseer en sal weer op 'n tyd tot uitbarsting kom in 'n nuwe oorlog.

Die vrede waarvan Jesus praat, is vrede wat met versoening gepaard gaan. En versoening vra dat daar 'n offer gebring moet word. In sy werk as Verlosser van God se uitverkore kinders, versoen Christus ons met God deurdat Hy die offer aan die kruis bring. Die vrede van God beteken ook dat die oorsaak van die vyandskap weggeneem moet word. Met die bloed van Christus was die Heilige Gees ons sondes van ons siele af sodat ons sonder smet en onberispelik voor God mag verskyn. Die vrede van God beteken ook

dat daar vergifnis is. Ter wille van sy geliefde Seun se bloed aan die kruis vergewe God ons sondes en Hy vergeet dit. Hy dink nooit weer aan die sondes van hulle wat deur die Heilige Gees hulle toevlug tot Christus neem nie.

As gevolg van Christus se versoeningswerk aan die kruis maak die Heilige Gees ons goed. Hy maak van ons nuwe mense wat uit die vrede van God lewe omdat Hy ons in Christus se offer aan die kruis laat deel. Daarmee bring die Here ons dan by die verpligting wat nou op ons Christene se skouers rus. Ter wille van Christus, omdat ons aan Christus Jesus behoort, gaan ons ook nou goeddoen. Ons gaan die vrede najaag. Ons gaan en wil vrede maak.

Geliefdes, die mens wat lewe omdat Jesus Christus God met hom en haar versoen het, sal honger en dors na die vrede deur versoening tussen mense, rasse en volke. Iemand wat 'n kind van God is, maak soos sy hemelse Vader, hy maak vrede. En dan maak ons vrede soos wat die Here ons in sy Seun Christus leer.

Ons wag nie dat die ander persoon die eerste tree gee nie. Ons gee die eerste tree. Ons wag nie totdat die ander persoon eerste buig en toegee nie, maar ons buig eerste en gee eerste toe. Ons word die minste en neem die inisiatief om vrede te maak deur ons met die ander persoon te versoen. Ook al het ek geen skuld aan die haat en woede nie? Ja, selfs al is ons geheel en al onskuldig moet ons eerste buig en vrede maak deur ons met die ander persoon te versoen. Al beteken dit dat ek en jy die slae moet kry en die koste van die skuld onskuldig dra, moet ons ter wille van Christus goeddoen en vrede maak.

Dit is immers wat God vir jou en my gedoen het. Hy, die allerhoogste Regter, het 'n regsak met ons, die skuldige sondaars, gehad. In plaas daarvan dat Hy die skuld en vonnis op ons laat afkom om te dra, het Hy as volmaak onskuldige die koste van die vonnis op Homself geneem deur aan die kruis te sterf. Dit laat my verstom staan, geliefde broer, suster en kind. Ons allerhoogste God en Here het my skuld ten volle op Hom geneem, sodat Hy met my versoen kan wees en die vrede herstel kan wees. Staan jy ook verstom dat die Here ons God dit ook vir jou gedoen het?

God verras ons met die wyse waarop Hy die vrede tussen Hom en ons herstel. Hy verwag dat ons ook nou die wêreldse mense moet verras. Met gereelde erediensbywoning en persoonlike godsdiensoefeninge verras ons nie die wêreld nie. Met groot bedrae geld en baie offers vir arm mense verras ons nie die wêreld nie. Baie ongelowiges gee ook maklik groot bedrae geld om in die oë van die wêreld as goeie mense bestempel te word. Die Here verwag immers in die eerste plek nie groot offers van geld en tyd nie. Hy verwag dat ons onself aan Hom sal gee as lewende en heilige offers.

Wanneer ek en jy die minste is en ten koste van onself en ons eie eer haastig is om vrede te maak deur onself met ons vyande versoen, dan gee ons onself as lewende en heilige offers aan God. Dan klim ons van ons trone af en laat Jesus Christus Koning wees ook in ons verhoudings met die mense wat ons te na gekom het en kwaad aangedoen het. Wie so 'n heilige en lewende offer bring, verras die wêreld, verras sy vyand en maak dat die wêreld vra: Maar hoekom doen jy dit? Hoekom dra jy onskuldig die las? Geliefdes, het jy die geleentheid om aan die wêreld te vertel hoe God vrede met ons gemaak het deur sy Seun te offer.

Ons gaan ook nie na die tyd weer in herinnering roep wat die ander persoon teen ons gedoen het nadat ons vrede gemaak het nie. Ons onthou nie die vyandskap van die verlede om later weer rekenskap van die ander persoon te eis nie. Ons vergewe en

vergeet. God het Homself met ons versoen en Hy vergewe en vergeet ons sondes. Hy kom nie weer daarop terug om later weer met ons af te reken nie. Op Golgota het Hy geheel en al met al ons sondes afgereken, want Hy het ons deur die prys wat Jesus betaal het kinders van Hom gemaak.

Geliefdes, die deurslaggewende kenmerk of ons kinders van God of kinders van die duiwel is, is juis hierin geleë of ons die wêreld kan en wil verras deur vrede te maak. Hoe ondankbaar is 'n mens wat nie bereid is om vrede te maak nie terwyl hy en sy tog in vrede met God wil lewe. Hoe gruwelik is 'n mens wat sê hy of sy is 'n Christen, maar intussen stook hy kwaad en maak hy rusie sover as wat hy gaan deur allerhande praatjies. Wanneer daar by ons nie die bereidheid is om so spoedig moontlik vrede te maak deur versoening nie, gedra ons onself nie soos kinders van God nie, maar soos kinders van die duiwel.

Natuurlik moet ons ook dit weet, geliefdes. Nie almal in die wêreld sal verras wees as ons vrede maak soos wat die Here ons leer nie. Baie mense sal ons uitskel vir mense sonder ruggraat, mense wat nie op hulle regte kan staan nie. Maar laat hulle dit maar doen. Ons weet wat reg is in die oë van ons God. Hy wil hê dat ons die minste moet wees, Hy wil hê dat ons van ons trone moet afklim en Jesus Christus oor ons lewens laat Koning wees. Nou mag ons in die oë van die wêreld soos mense sonder ruggraat wees, maar in die oë van ons God is ons sy kinders. En die dag wanneer Jesus Christus as Regter terugkom om die lewendes en die dooies te oordeel, sal ons in die oë van elke lewende wese bekend wees as kinders van God. **Salig is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word.**

**Amen!**

Gebed

Slotpsalm 72:1, 4 (p. 360)

- 1 Gee aan die Koning, HEER, u regte / en u geregtigheid  
aan Koningskind, dat Hy u knegte / kan rig met wys beleid.  
Dan vind u volk weer 'n beskermer, / een wat hul saak besleg,  
ellendiges weer 'n ontfermer / wat oordeel volgens reg.
  
- 4 Dan kom die tyd van welbehae, / wanneer die vrede bloei;  
regverdiges sal in sy dae / in volle wasdom groei.  
Van see tot see – geen grensomlyning, / orals gebied sy staf,  
toddat die maan, die bleek verskyning, / val van die hemel af.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

**Katkisasieopening**

Psalm 79:5, 9 (p. 403)

- 5 Gedenk die kwaad, deur ons gedaan, nie meer. / Ons euweldaad wil ons vergeef, o HEER!  
En maak u volk wat nou, verswak, moet ly, / deur u gena weer van die skuldstraf vry.
  
- 9 Dan sal u volk, u eie kudde weer, / wat U wou lei en deur u staf regeer –  
dan sal ons sing tot in die nageslag / van u vermoë en onverwinb're krag.

**Ds Coenraad Vrey**  
**Gereformeerde Kerk Bellville**  
**4 Februarie 2018**